
# 397 Op vaste fondamente




Hy roep uit alle volke 'n volk vir Hom tesaam,
een in geloof en werke, een in sy heil'ge Naam!
Hy gee die brood en beker, Hy gee die heil'ge doop,
om hulle te verseker: Ek het jul duur gekoop!

Bedreig gevaar van buite, met skerp venyn gemik;
vul twyfel ons van binne, met kleingeloof en skrik,
dis eie aan die wêreld: Ons sal verdrukking hê,
maar Christus het sy by stand aan ons hier toegesê.

O Heer, skryf in ons harte dat ons dit nooit vergeet,
al pynig ons die smarte al martel ons die leed:
die kruis van ons Verlosser sluit vergesigte oop!
In 'n verwarde wêreld bring dit weer vaste hoop!

Samuel J. Stone (1839-1900) S.S. Wesley (1810-76)